

Anton Karstel lei jou om die bos om kunsproses te bevraagteken

Too Close for Comfort

Rembrandt van Rijn-kunssaal, Markteater
Lucia Burger

Die kunssaal lyk vreemd leeg. Teen een muur hang 'n reuse- blink plakkaat. Die beeld is 'n bekende een - 'n hand flits diagonaal vorentoe, die loop van 'n rewolwer na die gesig van die toeskouer gemik.

Soos met 'n advertensiebord of een van die vele plakkate wat die paaië vol hang, is skok reeds verdiskonteer. Die toeskouer lees die beeld soos 'n nuusberig. Wie is die misdadiger, waar staan hy en wat wil hy hê?

Verder in die vertrek prewel 'n man met 'n bottel haas onverstaanbaarhede op 'n televisieskerm... hang etikette met fyn swart skrif op gereelde afstande, vertel van die kunstenaars, die uitgangspunt en vorige werke.

'n Swart kring teen 'n muur met 'n loergaetje lok 'n nuuskierige terwyl dit lyk of iemand nulletjies en kruisies teen die buitenste venster gespeel het.

Die kurator van die gestroopte kunsausstalling is van Ghana (so lui die uitnodiging, wat lyk na 'n voorspel tot die Johannesburgse Biënnale).

Die kunstenaars is genooi uit lande wat klaargespeel het met kolonialisme, apartheid, kommunisme en selfs modernisme.

Die naam van die kurator, Azure Atah, is vreemd, die kunstenaars onbekendes - Alan Lipchin van Suid-Afrika, James Hilton van Amerika, Fulera Quaye, Jacek Yurczyk en Mary Pateron, 'n feminis.

Die werke is nuwe benaderings tot die kunstenaar se uitbeelding van sy/haar omgewings (sosiaal en politiek), maar is ook tipies van die anti-kuns van ons tyd

waar nuwe maniere van kuns maak en kuns sien aan die orde van die dag is. Persoonlike herinnerings, geskiedkundige nabetrugting en 'n indringende bevraagtekening van die plek van kuns in die gemeenskap word die prioriteit. Die kunsvoorwerp het verdwyn, die tegnologie het oorgeneem en die rol van die kunstenaar word dié van tussenganger.

Die heerlike verrassing van die tentoonstelling is dat selfs die kurator en kunstenaars hul plek ontnem is, nie bestaan nie en dat al die werke en konsepte die werk van Anton Karstel is.

Karstel is bekend as konseptuele kunstenaar. Hy sal ook betrokke wees by die Biënnale, waar sy werk in Kaapstad te sien sal wees. Vir dié tentoonstelling het hy die mite van kunswerk en kunstenaar só ver gevoer dat die toeskouer wat in goeder trou die uitnodigingskaartjie en selfs persverslae geglo

het, om die bos gelei is. Die toeskouer word só gedwing om die proses te bevraagteken waardeur kuns geproduseer, geanaliseer en ontvang word.

Die kunstenaar onderskryf die invloed van die media op ons lewe deur sy insig in die lewe van die denkbeeldige kunstenaars uit verre lande, hul persoonlike belewenis van hul omgewings en die kunswerke wat hulle sou produseer.

As die jong Suid-Afrikaner Alan Lipchin (moontlik van Pretoria) plak Karstel nulletjies en kruisies in die vensterrame van die venser van die kunssaal. Hy verwys na die kruisie wat op die vensters van mense se motors wat die doodstraf se herinstelling steun. Die kunstenaar kies nie kant nie - daar is ewe veel kruise as nulletjies.

Op die plakkaat van die geweldenaar met die rewolwer (die werk van James

Hilton van Amerika) is die kwaaddoener 'n swartman. Die kunstenaar verwys hier na die vooropgestelde en rassistiese persepsie in Amerika dat die kwaaddoener gewoonlik swart is.

Die oggend toe ek die kunssaal besoek het, moes die bestuurder bontstaan om projektors aan die gang te kry en was twee van die "kunswerke" tot almal se frustrasie nie beskikbaar vir besigtiging nie.

Dit is natuurlik ongelukkig deel van ons alledaagse frustrasies in hierdie tegnologiese eeu en 'n mens kan nie help om met verlange te dink aan 'n skildery of beeldhouwerk wat met voorspelbare getrouheid die ruimte beset nie.

Dat hierdie kunstenaar egter kreatief innoverend is en met oortuiging kommentaar lewer op die feite van die dag, kan nie betwyfel word nie.

● Tot 27 September.